# Klaskamers sonder mure

VERKEN - ONTDEK - LEER - LIEFDE

## Vlermuis babas

Les 5

**Wat ons hierdie week gaan leer:**

- Hoekom dit sulke harde werk is om 'n vlermuis ma te wees
- Wat 'n kraamplek is
- Wat maak 'n goeie kraamplek
- Wat 'n jong vlermuis moet leer om te oorleef




Hi, dit is Spike hier. Hierdie les gaan alles oor babavlermuise, maar omdat ek manlik is, is dit nie iets waarvan ek veel weet nie. Pappa-vlermuise help nie om baba-vlermuise op te pas nie. So ek gee oor na die kenners



Hi ek is Saba, jy ken my dalk as Dingan se vlermuis of die Geel dakvlermuis. Ek het tweelingbabas, hulle ken my net as "mamma"!"



Hi ek is Bongi. Ek is 'n Botswana langoorvlermuis. Ek is die baie trotse ma van baba Logan. Om een baba op te pas is baie harde werk ek weet nie hoe Saba dit regkry met twee nie.



Moenie vergeet nie, die potloodsimbool beteken dit is jou beurt is om 'n aktiwiteit te doen! Ons het al die nuwe woorde in die woordelys aan die einde ingesluit!

**Jy benodig:**

- n potlood
- 'n sakrekenaar

## 1 Vlermuis mammas is die beste!




Aan die einde van die lente, wanneer die nagte warmer word en wanneer daar genoeg kos is, begin vlermuisma's gereed maak om hul babas te hê. Eerstens moet hulle 'n warm, veilige plek kry om in te rus. 'n Plek wat naby goeie kosvoorrade is sal ideaal wees. Dit sal dan hul kraam slaapplek wees.

Hulle sal by die kraam slaapplek bly;

- terwyl hulle dragtig is,
- waar hulle geboorte sal gee,
- waar hulle na hul baba kyk totdat dit groot genoeg is om te vlieg, in staat is om sy eie kos te kry en om sonder sy ma te lewe.

## 2 Kraam slaapplekke/Baba slaapplekke





'n Plek wat deur die ma en babavlermuise gebruik word, word 'n kraam- of 'n baba-slaapplek genoem. Sodra mamma-vlermuise 'n goeie kraamplek gevind het, sal hulle elke jaar probeer om daarheen terug te gaan om hul volgende baba te hê.

'n Vlermuiswyfie sal teruggaan na die plek (as dit nog daar is) waar sy gebore is wanneer sy haar eie baba verwag. Dit is moontlik dat sy haar eie ma, ouma, oumagrootjie en baie van haar tannies ook in daardie slaapplek sal vind, wat elkeen ook 'n baba verwag.

As 'n kraamplek verlore gaan, byvoorbeeld as 'n boom omval, 'n gebou word afgebreek of 'n stil grot word raserig as gevolg van toerisme, moet die mamma-vlermuise 'n nuwe kraam slaapplek kry. Om een te kry met net die regte toestande (warm, veilig en naby kos) kan moeilik wees en die lewe vir dragtige vlermuise nog moeiliker maak.

'n Kraam slaapplek sal volwasse wyfies (die mamma-vlermuise) en beide manlike en vroulike babas/jong vlermuise bevat. Volwasse mannetjies help nie om na babas om te sien nie so hulle woon in ander slaapplekke.





# Aktiwiteit 1:
# Hoeveel mammas en babavlermuise kan jy in hierdie prentjie tel?

In hierdie boom is daar baie mammas met hul babas wat mekaar lekker warm hou. Hoeveel mammas (groot oë) en babas (klein oë) kan jy tel?







3

# Swangerskap / Dragtig

Kleiner vlermuise (soos Bongi en Saba) is gewoonlik vir 6 tot 9 weke dragtig. Dit is 'n relatief lang tyd vir so 'n klein soogdier. ('n Muis is gewoonlik vir ongeveer drie weke dragtig.)

Die tydsduur wat 'n dier dragtig is, word die dragtigheidsperiode genoem. 'n Volwasse vroulike vlermuis in goeie gesondheid sal gewoonlik een baba per jaar hê. Sommige vlermuis spesies het twee babas op een slag. Die meeste spesies het net een baba.



Ek het geweet ek is spesiaal. Om 'n tweeling te hê is 'n bietjie ongewoon!

Wel een op 'n slag is vir my genoeg!



Ons is nie soos ons mede-soogdier, die muis, wat verskeie kere per jaar baie babas kry nie! Nee dankie!!



BatsWithoutBorders.org

## 4 Baba vlermuise by geboorte




Dit is baie harde werk vir die mamma-vlermuis om geboorte te gee. Wanneer die baba gebore word, is dit baie groot in vergelyking met die grootte van sy ma.



"Logan was 2,5 gram toe hy gebore is, dit klink dalk nie vir jou baie nie, maar ek het net 7 gram geweeg voor ek swanger was. Hy was net meer as 'n derde van my normale gewig!"


"Ek was 50 gram toe ek gebore is, dit was omtrent 'n sesde van my ma se normale gewig (300 gram). Teen die tyd dat ek gespeen is, het ek 135 gram geweeg."






## Aktiwiteit 2: Baba se gewig

Jy sal dalk wil uitwerk watter gedeelte van jou ma se gewig jy by geboorte was.



Om dit te doen, verdeel jou ma se normale gewig (voor sy swanger was) met jou geboortegewig. Plaas dan jou antwoord onder 1, bv. as mamma se gewig gedeel deur baba se gewig = 19, is die breuk 1\19de.

**Antwoord:**

As jou ma nie kan onthou nie, is hier 'n voorbeeld:
Ma se gewig voor swangerskap = 60Kg
Baba se gewig by geboorte = 3kg

Bats without Borders.org

## 5 Hou vas babatjie!

Vlermuisbabas word redelik hulpeloos gebore, hul oë is toe, hulle het geen pels nie, maar hulle weet hoe om dadelik aan hul ma vas te klou. Hulle sal met hul mond aan haar tepel vashou en met hul tone aan haar lyf vashou. Op dié manier word hulle gevoed en hulle is warm en veilig.



## 6 Voed en vlieg



In die begin spandeer ma en baba al hul tyd saam. Die baba drink melk van sy ma. Die ma moet ook genoeg eet om baie melk vir haar groeiende baba te maak. Dit beteken die ma moet die slaapplek verlaat om kos te soek.

Mamma kan selfs vlieg met haar baba wat aan haar vashou. Sy kan gewoonlik so vlieg totdat haar baba omtrent 'n week oud is of  vrugtevlermuise totdat die baba omtrent een derde van haar gewig is. Daarna sal sy die babavlermuis saam met al die ander babas in die kolonie los, hulle hou mekaar warm terwyl sy uitgaan om te jag. Een mammavlermuis kan dalk agterbly om hulle veilig te hou, maar ma's sal die hele nag kom en gaan om hul babas te laat drink
Wanneer 'n ma terugkeer na die kraam slaapplek, sal sy haar eie baba in die kolonie herken aan sy huil en sy reuk.





Bats without Borders.org

Jou beurt!

# Aktiwiteit 3:
# Watter baba pas by watter mamma?

Kan jy die vlermuisbaba aan sy/haar ma verbind? Volg die lyne om te sien wie behoort aan wie!



# 7 Om groot te word is nie maklik nie.

Vlermuisbabas het baie om te leer, hulle moet leer;

hoe om te vlieg,



hoe om kos te kry (om ryp vrugte, stuifmeel of nektar uit te snuffel of om lewende prooi te jag).



Vir sommige vlermuise beteken dit ook om kos te vang, (Logan moet leer motte en ander insekte vang, stel jou voor jy probeer vlieg met 'n wriemelende mot in jou mond of wat in jou voet vasgehou word),

en baie vlermuise moet leer hoe om te eggolokeer! (Behalwe die vrugtevlermuise).

Dit gebeur alles in 4 tot 6 weke, die tyd wat dit 'n babavlermuis vat om die slaapplek te verlaat. Sommige babavlermuise leer hoe om te vlieg deur aan ma vas te hou en hul vlerke onderstebo te klap.

Sodra hulle geleer het om te vlieg, is daar baie meer vaardighede wat hulle nodig het...

## Vaardighede benodig:

- vermy roofdiere,
- hoe om hul pad huis toe te kry,
- hoe om veilig rond te vlieg in hul woonarea,
- waar daar ander slaapplekke is om in te skuil,
- hoe om energie te bespaar (deur in “torpor” te gaan) wanneer kos skaars is.



Die eerste jaar van 'n vlermuis se lewe is baie moeilik, daar is soveel om te leer! Ek dink ek sal nou maar slaap! Goeie nag!

Bats Without Borders.org

# Woordelys

## (Woorde wat ons vandag geleer het!)

**Dragtigheidsperiode** – die tyd wat 'n baba neem om in sy ma te groei totdat dit gereed is om gebore te word. (Die tyd wat die ma dragtig is.)

**Kraamkolonie** – 'n groep vlermuise wat saam slaap terwyl hulle swanger is, waar hulle geboorte skenk en na hul babas omsien.

**Kraam slaapplek** - 'n plek wat gebruik word vir skuiling deur vlermuise terwyl hulle dragtig is, om geboorte  te skenk en om na hul babas om te sien. 'n Goeie kraamplek moet warm, veilig (teen roofdiere of steurnis) en naby goeie voedingsareas wees.



Ek hoop jy het vandag baie geleer!
Sien jou volgende week, om alles oor fantastiese vlieërs te leer!

Bats without Borders.org